



# KOERANIA

Julie 2025 ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT Volume 1 Uitgawe Nr 20





KITSNUUS Lees meer binne


**Toerismegesprekke duur voort**
*Bl 2*

**OVD en misdaad**
*Bl 3*

**Peet en Vanessa in VSA**
*Bl 3*

**Louise se kuns**
*Bl 4*

**Rubriek: Die Tanniekomplot**
*Bl 5*

**Evangelis besoek Orania**
*Bl 8*

**Die Wonderwerker**
*Bl 7*

**Elsabé is pittig**
*Bl 9*

**Dantél se fikse sukses**
*Bl 10*

**Kaalvoetkonsert 2025**
*Bl 11*

**Bokkieweek en potbal**
*Bl 12*


## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# 3 Afrikaners gee ANC 'n diplomatieke bloedneus in Washington

Korrespondent – Sean Volschenk en Dia van Staden



Na afloop van die 3 Afrikaners se besoek aan die Amerikaanse Withuis het Gerhard Papenfus, Corné Mulder en dr. Theo de Jager met die 4 vereistes aan die ANC-regering teruggekeer.

Drie Afrikanerleiers het in die hart van die Amerikaanse mag gaan praat, en teruggekeer met 'n ultimatum wat nou soos 'n diplomatieke bloedneus vir die ANC-regering voel.

Corné Mulder, leier van die Vryheidsfront Plus (VF Plus), dr. Theo de Jager van SAAI (Suid-Afrikaanse Agri Inisiatief) en Gerhard Papenfus van NEASA (Nasionale Werkgewersvereniging) het op 25 Junie 2025 by die Withuis in Washington ontmoet met verteenwoordigers van die Amerikaanse visepresident se kantoor, die Nasionale Veiligheidsraad, en die Homeland Security Council.

Dié ontmoeting, wat nie deur die Suid-Afrikaanse regering gefasiliteer is nie, het 'n vierpunt-ultimatum opgelewer wat nou as voorwaarde vir die herstel van bilaterale handelsbande dien.

**Die 4 voorwaardes deur die VSA:**

1. Plaasaanvalle moet prioriteitsmisdade word
Die Withuis vereis dat plaasaanvalle as "prioriteitsmisdade" verklaar word, en deur elite ondersoekspanne soos die Valke hanteer word.

2. ANC moet 'Kill the Boer' publiek verwerp
Ramaphosa en die ANC moet die omstrede lied sonder voorbehoud en in alle kontekste verwerp.

3. Geen grondbesetting sonder vergoeding
Alle grondhervormings moet met regverdige markwaardevergoeding geskied; daar moet 'n einde kom aan ekspropriasie sonder vergoeding.

4. VSA-maatskappye moet vrygestel wees van BEE
Amerikaanse ondernemings mag nie gedwing word om aan rasgebaseerde bemagtigingsvereistes te voldoen nie.

**'n Nederlaag vir Ramaphosa?**

"Dit is 'n openbare verdoemenis van Pretoria se beleid," sê Paul Hattingh, 'n politieke ontleder. "Wanneer drie nie-regeringsleiers 'n gesprek met die Withuis kry, en die regering nie eens gehoor word nie, sê dit alles oor hoe ver die ANC se geloofwaardigheid gedaal het. Dit is 'n diplomatieke bloedneus wat nie sommer wegsink nie."

'n Senior diplomaat, wat anoniem wou bly, voeg by: "Hierdie is nie net simbolies nie. As Pretoria die vier vereistes ignoreer, sal die gevolge nie persverklarings wees nie – dit sal tariewe, sanksies en diplomatieke koue skouers wees."

Ramaphosa het nog nie formeel op die Amerikaanse versoek gereageer nie. Bronne in die Uniegebou sê daar word eers "binnehuis beraadslaag" oor hoe die gesprek gevoer moet word. Intussen verskerp druk van beide plaaslike en internasionale sakelui wat vra vir beleidsduidelikheid en sekuriteit vir belegging.

**Sosiale media gons: "Dis 'n hou in die gesig"**

Kolonel Chris Wyatt (VSA): "Suid-Afrika is by 'n kruispad. Dit is nie net 'n ekonomiese kwessie nie – dit is 'n morele toets vir die ANC."

Isak du Plessis se onderhoud met Gerhard Papenfus wys: "Ons kon regstreeks sê wat die regering nie wou hoor nie."

Ronaldo Gouws op YouTube: "Drie manne moes gaan doen wat 'n hele departement vir jare nie reggekry het nie. Hoe het dit so ver gekom?"

**Twitter/X reaksies:**

· @AgriSA: "Eindelik word plaasveiligheid as 'n internasionale saak erken."
· @TradeWatch: "As BEE nie hersien word nie, kan SA miljoene in handel verloor."
· @ANCInsider: "Mulder se rol in die GNU is nou onder die vergrootglas."

**Kommentaar**

"Hierdie besoek is 'n mylpaal en 'n waarskuwing," sê 'n Amerikaanse handelsontleder. "Die wêreld kyk hoe Pretoria reageer – en of die regering bereid is om beginsels bo ideologie te plaas."

'n Suid-Afrikaanse sakelui-netwerk in New York het gesê: "As die ANC nie ernstig is oor belegging en groei nie, sal die land die ekonomiese koste dra. Dié vier vereistes is nie opsioneel nie."

· "Ultimatum uit die Withuis – ANC kry harde hou oor plaasaanvalle, grondbeleid en BEE."
· "Amerika: 'Geen hervorming? Geen handel.'"

"Dit is skaars om te sien dat 'n nie-regeringspan só direkte en konsekwente terugvoer uit Washington kry," sê 'n voormalige diplomaat. "Dis 'n skande vir die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking (DIRCO), en 'n diplomatieke bloedneus vir die ANC."

Maar die vraag bly: Sal Pretoria hierdie vier eise ignoreer, of sal Suid-Afrika sy pad terug na respek en belegging probeer verdien?


KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180




## KOFFIE EN KLETS met die redakteur



# Ouers offer tyd, geld, geduld en maniere op

Dit is nie maklik om 'n sportouer te wees nie. Veral nie as jy self 'n entoesias is en langs die veld wil wees wanneer jou kind deelneem nie.
Behalwe dat dit 'n duur oefening is om by te hou met toerusting, reis, verblyf en etes, is die afstande wat soms gery moet word uitmergelend. Dit is alles goed en wel as daar sportiewe deelname is, maar wanneer beserings sy kop uitsteek word dit 'n perd van 'n ander kleur.
Die mediese personeel wat langs die veld aan diens is, lewer gewoonlik goeie diens. Dit is wanneer die besering meer ernstig is dat 'n ma of pa benodig word vir goedkeuring van behandeling en natuurlik om die kredietkaart of mediese fonds te laat sing!
Toeskouers is 'n spesie op sy eie... Die skreeuende mamma, polsende pappa en jillende sibbe vorm wonderlike materiaal vir 'n spotprent. Die taalgebruik en afbrekende opmerkings wat teenoor jong spelers op die veld gemaak word, is soms skokkend. Meneer of mevrou, was daardie kragwoord en dreigende kritiek van enige waarde?
Dit het oor die jare heen nog nooit verander nie. Elke ouer dink sy budgie is 'n kanarie.
Dit word verwag dat 'n ouer sy kind opvoed om respekvol op te tree en 'n suiwer sportmangees te toon, maar wanneer daardie fluitjie blaas bly daar min respek teenoor skeidsregter of opponent oor.
Om 'n swak verloorder te wees was nog nooit iets om na te streef nie. Vat 'n pak wanneer die ander span beter was. Geniet die oorwinning met nederigheid, want volgende keer word die bordjies weer verhang. Dit is sport!
Sport moet geniet word en karakter bou.
Ouers het 'n verantwoordelikheid om as voorbeeld vir hul kinders op te tree. Sport neem baie tyd in beslag. Dit is 'n duur stokperdjie. Jy moet 'n geduldige bankbestuurder hê. Bowenal moet jy jou maniere inpak om dit op, en van die veld af, ten toon te stel.
Sien jou langs die sportveld, waar geloof deel van jou mondering moet wees.
Skink die koffie, want dit is koud in die koelte!

*Dia van Staden*

# Toerismegesprekke is oplossingsgedrewe

- Orania Sakekamer

Twee unieke geleenthede is vir genooide lede van die Orania gemeenskap geskep om saam te gesels oor die moontlikhede om toerisme in die dorp en omgewing te ontwikkel. Die Orania Sakekamer se bestuurslid wat vir toerisme verantwoordelik is, Dia van Staden, bied die toerismegesprekke aan.
Daar is gedurende Junie 'n navorsingsdokument deur Werner Fourie, 'n streekontwikkelingsekonoom en sekretaris van die Orania Sakekamer, saamgestel, wat as basis vir die gesprekke dien. Deelnemens aan die eerste twee gesprekke is dit eens dat daar baie werk is om die kwaliteit van die gasvryheidsbedryf en dienslewering in Orania oor die algemeen na 'n volgende vlak te neem.
Werner se navorsing het die volgende getoon: "Toerisme hou verskeie voordele vir Orania in. Die grootste voordeel is dat dit tot werkskepping kan lei en die omloop van geld in die dorp se ekonomie vermeerder. 'n Ander voordeel van toerisme is dat dit kommunikasie en bande tussen verskillende gemeenskappe versterk."
"Orania se eie arbeid en eie instellings is bemarkbare eienskappe wat unieke bemarkingsgeleenthede bring," noem Dia.
Volgens haar word die toerismegesprekke gekenmerk deur komplimente vir wat werk, maar praktiese en idealistiese voorstelle vir die verbetering van vele interne aspekte oorheers tans die gesprekke.
Kommentaar wat tydens die gesprekke geopper word sluit in dat die ontwikkeling van die huidige vliegveld tot 'n volwaardige lughawe baie toeriste sal lok. Ander kommentaar noem dat toegang en fasiliteite vir gestremdes ontbreek, kulturele inligting word nie bemarkbaar aangebied nie, die vooraansigte en tuine van besighede nie aantreklik is nie, indiensopleiding vir personeel om diens te lewer en beter te kommunikeer ontbreek en dat genoeg vars produkte nie plaaslik verbou word nie. Die afwesigheid van 'n volwaardige hospitaal en meer mediese dienste, wat 'n primere trekpleister vir nuwe inwoners sal wees, word as krities bestempel.
Gespreksgenote is dit eens dat dit tyd is om minder te praat en van rat te verwissel om ter wille van plaaslike besighede die toerismesektor te ontwikkel. Die Orania Sakekamer se #ondersteunplaaslik veldtog sal uitgebou word vir 'n nog netjieser omgewing en ondersteuning vir plaaslike besighede wat 'n wil het om te verbeter wat hul diens, produkte en kommunikasie aanbetref.
Alhoewel toerisme in Orania geweldige groeipotensiaal kan ontsluit, lê daar verskeie gesprekke met die formele instellings voor om hiermee behulpsaam te wees deur geleenthede en 'n werkbare model te skep of moontlik te maak.
Stuur gerus 'n e-pos na bemarking@oraniasakekamer indien jy voorstelle het waarmee toerismemoontlikhede ontsluit kan word.

# Ysige naweek in Orania en omgewing lewer ritteltitsfoto's op

-6°C





28 Junie en 5 Julie



Fotos: Hans van Staden – Nooitgedacht



Foto: Raymond van Tonder – Oewer 28 Junie



Raymond van Tonder is 'n intekenaar wat 'n gedrukte weergawe van Koerania maandeliks by sy voordeur in Orania afgelewer ontvang. Petrus Rens is die seun wat die afleweringsdiens vir 'n fooi lewer. Besoek www.koerania.co.za en klik op die skakel om jou betaling te maak en 'n intekenaar te word. Die diens is slegs in Orania beskikbaar.



Gespreksgenote... Die eerste toerismegesprek wat die Orania Sakekamer aangebied het is deur Tony Correia, Karin Coetzee, Abigail Ackermann, L'lize J van Rensburg, Tina Meintjies, Dia van Staden en Wikus Buys bygewoon. Agter staan Ludwig Dòhne, André Coetzee, Karen J van Rensburg, Peter Welgemoed, Henry Meintjies.

Gemeenskapsnuus
KOERANIA



# Vandalisme onwelkome gebeurtenis



Foto: Verskaf

Die beskadigde beeld wat tans herstel word.

Onwelkome gevalle van vandalisme is onlangs in Orania aangemeld. Nuus van dié voorvalle is met teleurstelling deur die gemeenskap ontvang.

Alhoewel die meerderheid gevalle wat by die Orania Veiligheidsdienste (OVD) aangemeld word alkoholmisbruik, dwelm misbruik of maatskaplike konflik insluit, was dié optrede beslis veroordeel.

"Die kamera wat op die beeldekoppie gerig word het 'n draai-aksie en moes tydens die gebeure in 'n ander rigting gedraai het," vertel Ettiene de Lange, hoof van OVD. Hy stel die gemeenskap egter gerus met die nuus dat die skuldige partye gevind is nadat daar 'n beloning aangebied is.

Dié oortreders is minderjariges en inwoners van Orania. "Die kinders voer aan dat hulle verveeld was," verduidelik Ettiene. Die verhoor moet nog plaasvind, maar volgens Ettiene is dit onaanvaarbaar dat enige persoon iets beskadig wat nie aan hulle behoort nie.

Hy vertel dat daar tans 5 oop dossiere op OVD se tafel lê. Hy bekla die feit dat inwoners nie die moeite wil doen om 'n saak aanhangig te maak wanneer hulle selfs nietige misdaad beleef of opmerk nie.

Die stappe wat geneem word wanneer 'n saak by OVD geopen word is as volg:

· 'n Saak word in persoon by OVD se kantoor aangemeld en geopen waarna 'n SMS van Guillaume van Rensburg ontvang sal word. Foto's en verklarings word hoofsaaklik deur Guillaume hanteer. Die dossier word na regspraak geneem. Rudolph de Beer gaan die dokumentasie na en verseker dat inligting volledig is. Daarna word die dossier na regspraak verwys om die datum vir 'n verhoor of ronde tafel vas te stel.

· Regspraak stuur 'n boodskap aan die betrokke partye om hul in te lig dat daar 'n klag of dossier aan regspraak oorhandig is.

· Die opvolg van ondersoeke en boetes word eenkeer per week deur OVD gedoen om dossiere op te volg vir indiening van verslae.

Besoek die kantoor van OVD by die gemeenskapsveiligheidsgebou vir meer inligting. Kontak die beheerkamer by 060 501 7877 om enige verdagte optrede aan te meld.

# Nommerplaatmonitering bekamp motordiefstal in die land



Foto: Verskaf

OVD se personeel, vrywilligers en die SAPD was op die toneel om motordiewe aan te keer.

Op Vrydag 13 Junie is lede van die Orania Veiligheidsdienste (OVD) en die Weerbaarheidsvereniging se span deur die personeellid in die OVD beheerkamer ingelig dat 'n gesteelde motor deur hul nommerplaat moniteringstelsel geidentifiseer is.

Ettiene de Lange, hoof van OVD verduidelik dat hul beheerkamer nasionaal gekoppel is aan 'n nommerplaatdatabasis. "Jou motor word byvoorbeeld in Brakpan gesteel. 'n Saak word by die polisie aangemeld en op hul sisteem gelaai. Die inligting word op 'n landswye databasis gesirkuleer. Die misdadiger ry vanuit Kimberley op 'n spesifieke plek waar kameras die nommerplaat identifiseer. Die naaste moniteringsinstansie kry 'n kennisgewing dat 'n gesteelde voertuig opgemerk is. Die SAPD naaste aan die bewegende voertuig word in kennis gestel sodat hul die misdadigers kan aankeer."

Op dié dag is 'n voertuig in Kaapstad gesteel, maar aangesien sekere polisiestasies moontlik nie hul moneteringstelsels dopgehou het nie, is dié betrokke voertuig deur Steon van Rensburg opgemerk toe hul by die R369 se kruising 'n passasier opgelaai het. Die persone het in die rigting van Vanderkloof gery en die SAPD is verwittig. OVD het die pad toegemaak en die polisie op Vanderkloof het die pad aan hulle kant gesluit.

Volgens Ettiene het die SAPD beheer van die situasie geneem sodra hul op die toneel arriveer het. Die gemeenskap is dankbaar vir oplettende personeel wat die gemeenskap se veiligheid ernstig opneem.

# Koperdiefstal neem af en vee word op plase gemoor

Die personeel van die Orania Veiligheidsdienste meld aan dat koperdiefstal byna 'n jaar gelede laaste aangemeld is. Hul meld dat daardie koperdiefstalsaak eers middel Junie 2025 afgehandel is. "Ons Taakspan onttrek sodra die SAPD opdaag, want baie hofsake en ondersoeke na afloop van so 'n saak neem geweldig baie tyd in beslag.

"Die patroon wat ons optel is dat kabeldiefstal afgeneem het. Skape word egter nou op omliggende plase gesteel en geskiet. Veediefstal toon 'n besliste toename. Die diere word met groot kaliber jaggewere geskiet. Dit gebeur egter ver buite die grense van Orania, maar aangesien klank in die koue nagte ver trek, word daar soms navraag oor skote gedoen," vertel die hoof van OVD, Ettiene de Lange.

# Peet en Vanessa geniet die VSA se selfdoen

Op 6 Mei het Peet en Vanessa Grundling vanaf OR Tambo lughawe na Suid-Georgia vertrek om hul dogter, Kaylin, en skoonseun Lourens, na byna twee jaar weer te sien.

Dit eerste skof van 16 ure na Atlanta, 'n wagpriode van 4 ure en daarna verder tot in Jacksonville, Florida, was lank, maar die moeite werd. Die uiters emosionele weersiens het die trane laat vloei, maar hulle het hope lekkerkry tydens die ongeveer 3 kuierweke ingeprop.

Lourens Erasmus het 'n H-2A visum waarmee hy as 'n boer in die Jeff Davis County, Suid-Georgia werk. "Die kind werk baie hard en baie lang ure, maar dit is vir hom die opoffering werd," vertel skoonpa Peet. Dié plaasgemeenskap is klein, maar lewer kwaliteit produkte.

Die H-2A visumprogram stel Amerikaanse landbouwerkgewers in staat om buitelandse werkers na die Verenigde State te bring vir tydelike of seisoenale landbouwerk wanneer daar 'n tekort aan plaaslike arbeid is.

Die Gründlings vertel dat hulle die VSA as 'n wonderlike land beleef het waar alles werk en jy nie sukkel met enige tegnologie nie. "Dit is hoe 'n eerstewêreldland moet lyk!" Hulle kon waarneem hoe robotte en tegnologie werk uit mense se hande neem, aangesien die selfhelpopsies oral aangewend word. "Wallmart is selfhelp, brandstof is selfhelp. Robotte neem voorraad in Wallmart," vertel hulle ewe beindruk.

Vir Peet was dit indrukwekkend om die besigste lughawe in die wêreld te beleef. Aangesien hy 'n lid is van die Orania Veiligheidsdienste was die sekuriteitssisteme vir hom 'n ervaring. "Gesigsherkenning gedoen alles, die sekuriteit is streng, jy ry met 'n trein van een na 'n ander deel van die lughawe toe. Tot my lip ice is ondersoek," lag hy.

Vir Vanessa was dit natuurlik 'n hoogtepunt om haar dogter weer te sien. "Om haar gesigsuitdrukking dop te hou toe ons in die ontvangsarea instap was so spesiaal. Ons het Lourens se dogtertjie saamgeneem en daardie weersiens was pragtig," noem Vanessa aangedaan.

Albei vertel van ander opwindende ervarings wat hulle tydens hul kuier geniet het. Die St. Simons Island by Brunswick, Georgia, is 'n ryksmansbuurt waar die verskeidenheid winkels hulle kop laat draai het. Jekyll Island se natuurskoon en die netheid van die dorp was vir hulle 'n belewenis.

Hulle beskryf die mense as patrioties, aangesien die trots vir hul vlag duidelik sigbaar is, want voor byna elke huis of winkel hang die vlag. "Jy kan hul vlag op elke moontlike toerisme aandenking kry."

Die 75km per uur wat Peet moes bestuur was 'n aanpassing aangesien dit aanloklik lyk om op hulle goeie paaie te jaag. Die Dollartree shop, waar jy 1 dollar en 25 sent vir elke produk betaal was vir Vanessa 'n aantrekking. "Ek kon 'n hele klomp goed koop wat jy in SA baie duurder voor sal betaal. Ek kon nie alles saambring op die vliegtuig nie," noem sy.

"Ons liefde vir ons kinders kan nie deur afstand uitgewis word nie, maar ons beveel vir mense aan om, indien die geleentheid hom voordoen, die land vooraf te besoek en ondersoek in te stel voordat jy jou taal en kultuur opgee. Die ervaring wat ons kinders opdoen is van onskatbare waarde, maar jy bly maar altyd vir hulle 'n uitlander," stel die trotse ma en pa.

Die H-2A visum is ontwerp om landbouwerkgewers te help om arbeidstekorte aan te vul deur hulle toe te laat om nie-immigrante buitelandse werkers vir tydelike of seisoenale landbouwerk aan te stel. Hierdie program is veral voordelig tydens piekseisoene wanneer die vraag na arbeid die beskikbare plaaslike arbeidsmag oorskry.






Vanessa was beindruk daarmee dat Wallmart t-hemde verkoop met 'n Christelike boodskap op




Fotos: Verskaf

# Haar kunsstories is soms modern, soms kitch

Dia van Staden - Redakteur



Louise de Klerk (58) woon in Vanderkloof, maar haar kuns kan haar na enige plek, seisoen of omstandighede voer.

Van kleintyd af het sy altyd gesit en teken. Dit is dan geen wonder dat sy eintlik 'n argitek wou word nie. Haar ouers het aanbeveel dat sy eerder kommunikasiekunde as 'n studierigting kies.

"Ek neem outomaties baie waar. Ek sal vir jou kan sê watter kleure op jou gesig sit. Baie mense is ongemaklik onder my blik, want ek kyk om te sien. Waarneming en praat is belangrik. Ek het 'n goeie visuele geheue. Ek soek nie drama wat my aandag aftrek nie," noem Louise.

"Wanneer ek vroegoggend in my ateljee instap dan besef ek dat die verf en paraffienreuk verslawend is. Dit voel soos 'n ekstra arm waarvan jy nie kan wegkom nie. Enige iets anders voel soos tydmors," vertel Louise met 'n breë glimlag.

Dié loopbaan het begin toe haar suster 'n kunsagent in Christiana aan haar voorgestel het, en tydens 'n bekende kunstenaar se uitstalling het Louise waagmoed aan die dag gelê en 'n paar wildlewe stukke van gemengde mediums voorberei. Sy het geen formele kunsopleiding nie, maar deursettingsvermoë skort beslis nie. Louise het agente genader en met verskeie mediums begin eksperimenteer en uitstallings gehou om die mark te toets.

Agent, Juliana van Wyk, sorg dat Louise se werk in Johannesburg en die Kaap uitstalruimte kry en neem ook verantwoordelikheid vir die raamwerk. "Ek gaan juis nou by die Vryfees in Bloemfontein uitstal," noem Louise.

Louise verduidelik dat agente en gallerye die neigings van kopers ken en dra daartoe by dat verkoopstukke op die vloer geplaas word. "In 2008 het ek 58 skilderye per maand vir 'n agent gemaak en my werk is goed ontvang."

"Jou mark druk jou nogal in 'n rigting en dan doen jy wat die geld inbring." As voltydse kunstenaar geniet sy dit om by ander kunstenaars te leer. "Die oorhoofse kostes is baie minder vir privaatuitstallings, maar jy kan jouself nie in die voet skiet nie, omdat die mark ook dikteer wat gewild is," sê Louise. Sy beveel vir aspirant kunstenaars aan om die twee wêrelde van agente of privaat kunsuitstallings te verstaan. "Ek het iemand wat my sosiale media platform hanteer, want ek wil met my kwassies besig bly."

Aangesien agente se kostestrukture soms raamwerk, bemarking en ander oorhoofse kostes insluit, vergemaklik dit vir haar die administrasie. "Dit is nie vir my moontlik om te skilder en te bemark nie. Ek klok vroeg in by my ateljee en kan langer ure skilder. Ek werk op datums, want skoue is vasgestel. Jy moet beplan vir 'n skou of uitstalling sodat jy genoeg materiaal voorberei."

Louise beskou haarself as 'n opportunis, want sy soek altyd 'n geleentheid en dit hou haar op haar tone. "In alle aspekte van die lewe is jy nooit te oud om te leer nie. Jy leer van enige persoon. Jy kompeteer met jouself en daar is altyd ruimte vir verbetering, want ek wil nie stagneer nie," borrel Louise.

Dit is vir haar heerlik om haar eie ding te doen. Sy het 'n gallery by die Monte Crous Hotel in Vanderkloof begin. Louise het altyd 'n groot verskeidenheid mediums getoets, maar haar gunsteling tema is die een waarmee sy in die oggend wakker word. "Blomme is vir my lekker om te verf, want ek doen dit nie elke dag nie."

Sy vertel dat sy vir lank nie figure gedoen het nie, maar die Weskus se natuurtonele was volop. Eenvoudige voorwerpe wat sy sien kan 'n skildery aanwakker. Cartoons is kreatief en vang die waarheid vas. "Jy kan daarmee 'n ernstige onderwerp aanspreek en niemand raak kwaad nie."

Haar muurskilderye is op 'n paar plekke in die omgewing sigbaar. Sy werk selfs met bousand en kouelym. Sy gebruik akriel vir mure omdat dit minder mors en kleure solied maak. Om soms buite die ateljee te werk is vir haar lekker.

Sy kry elke dag kritiek van handelaars en sy besef dat dit gedeel word om albei se besigheid te versterk. "Suck it up," is haar raad. Kritiek help haar om nie ou foute te herhaal nie. Ouderom het geen invloed op haar kuns nie. "Ek wil skilder tot ek rerig nie meer kan sien of hande het nie. Ek wil skilder tot ek omval."

Sy geniet tuinwerk, lees, brei, hekel en is 'n diereliefhebber. Sy sorg al jare vir die straatkatte van Vanderkloof. Nuwe plekke bring inspirasie. Sy het waardering vir ou meesters se werk.

Indien sy 'n laaste opdrag sou moes verf sou sy 'n seetoneel wou skilder. As sy dieper sou delf sou dit wees wat sy op daardie oomblik voel. Sy is baie lief vir haar kinders en familie, en die finale kunswerk sal meer persoonlik van aard wees. "Iets waaraan die familie waarde sal heg."

"Ek gaan nooit die perfekte skildery maak nie, maar ek strewe daarna," sluit die energieke kunstenaar af.









Gemeenskapsnuus
KOERANIA

GRONDLYN

BEGROND Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Dr. Wikus Buys - Begrondinstituut.

# Die waarde van ons werk



Die vraag: 'Wat is ons werk werd?' is nie so eenvoudig om te antwoord nie. Ons is gewoond daaraan dat ons werk in geldwaarde geskat word. Hieroor handel ons nie nou verder nie, alhoewel dit belangrik bly hoe 'n mens ekonomiese waarde van werk bepaal. In die Bybel word werk en rus aan mekaar verbind. Voordat die beveel oor werk kom, stel God eers dat die mens moet dink aan rus. In die Hebreeuse woordvolgorde staan: 'Dink aan dié dag van rus om dit te heilig' (Eks. 206). Dan volg daar drie woorde waarmee God die omvattende idee van werk beskryf: 'Ses dae moet jy arbei en doen al jou werk. (weer volgens die letterlike volgorde). Ons leer hieruit dat 'werk' eintlik drie elemente het. Die woord arbei kan dui op slawediens of op 'n kind wat sy vader dien, die woord doen beteken effektief afhandel en die woord al jou werk dui op 'n koninklike posisie waar na die Goddelike bedoeling van jou lewe en werk verwys word.

**Wat is 'n gemeenskap se werk?**

Ons is so oorspoel die laaste paar dekades met liberale idees, ook oor werk, dat ons begin dink het werk gaan eintlik net oor een mens se werk. Natuurlik is die indivduele kant belangrik, maar die Bybel is baie duidelik daaroor dat God ook 'n werk het vir gemeenskappe. 'n Volk het ook 'n werk van God gekry. Trouens, God is so ernstig hieroor dat Hy die volke selfs voor die tyd waarsku dat volke in die gerig voor God sal staan daaroor. Volke sal geoordeel word of hulle die werk, die roeping, wat hulle van God ontvang het, effektief afgehandel het, terwyl hulle sy rusdag, wat die ewige rus, insluit, ingedagte gehou het. Ook ons as volk, as Orania gemeenskap moet hierdie waarskuwing van God weer ernstig opneem. Hy bedoel wat Hy sê: "... Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld rig in geregtigheid en die volke met reg." (Ps. 98:9).

**Leef is meer as oorleef**

'n Gemeenskap, 'n volk het dus ook 'n taak om voor God se aangesig uit te voer op aarde. 'n Volk het beslis 'n roeping voor God. Om as 'n gemeenskap te bestaan en bewus te wees van jou werk wat God van jou verlang, behels méér as net oorlewing. Ons op Orania wil in goeie en swaar tye dit altyd voor oë hou. Ons is gered in Christus om te leef, nie maar net om te oorleef nie. Dit stel ons groot voor lewenstoetse – om te volhard én om nuwe dinge aan te pak. Ons werk voor God se aangesig is nog lank nie afgehandel nie, ons het 'n lieflike toekoms wat wag – juis omdat ons 'n roeping het om te vervul. Die grootste uur van ons volk se lewe lê nog voor ons. Daarom mag ons nie oorgee aan moedeloosheid of aan selfsug nie. In elke gemeenskap wat in 'n krisis kom, word hierdie lewenstoets aangelê: wat is die waarde van ons lewenswerk?

'Waarde' word deur baie mense bereken bloot as wat iets vir jou persoonlik iets werd is, en dan nog baie keer net in geldwaarde. Ons sal moet leer om meer van ons lewe te dink as dit. Natuurlik is geldwaarde belangrik, maar die punt hier is dat die hele lewe baie meer bevat as net geld waarde. Wat maak ons lewe en ons werk sinvol? En ons vra hierdie vraag spesifiek as "óns vraag". Wat maak ons werk in Orania sinvol? Wat gee betekenis aan wat ons doen? Wat is die blywende waarde van dit waarmee ons besig is? Hoe dra ek by dat ander mense waarde in hulle lewe belewe?

**Werke vernietig**

Die Here waarsku en troos die Afrikaner op Orania. Die waarkuwing is iets verskrikliks. 'n Volk kan heeltemal verniet werk en homself moeg maak vir niks. Al 'n volk se werke kan vernietig word. Sonder geloof in Jesus Christus, sonder ware bekering en die doop met die Heilige Gees eindig 'n mens, en ook 'n volk, se werk in die vuur. Laat ons dit ter harte neem wat God in Jer. 51:58 sê: "So sê die Here van die leërskare: Die breë muur van Babel sal tot op die grond toe afgebreek en sy hoë poorte met vuur verbrand word, sodat volke vir niks gearbei het en nasies vir die vuur; en hulle sal afgemat wees." Laat ons in en vanuit Orania nooit moeg word om ons vir 'n Christelike republiek te beywer nie, want sonder Christus, die Rots, is jou werke vir die vuur bestem.

**Werke volg met ons**

In die Here Jesus Christus vind ons die troos en vooruitsig dat ons werke nie verniet is nie, maar ewigheidswaarde verkry. Werke wat in egte geloof gedoen is, gebou is op die beloftes en bevele van die Here, en vervuld met die Heilige Gees uitgevoer word, is nooit verniet nie. So belowe die Here ons in Openbaring (14:13): "En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf, salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle."

Laat ons in Orania 'n baie diep troos hieruit put. As ons deur die geloof in die Here Jesus Christus lewe, is ons werke nie sinloos nie. Inteendeel, ons werke sal ons volg die dag as ons dood is en voor die Here verskyn.

Wat is die waarde van 'n volk se werk? Dit is veel meer as geldwaarde. Dis geloofswerke wat ewigheidswaarde verkry. Laat ons die geloofsmoue oprol. Ons werk nie om gered te word nie, ons werk omdat ons reeds in Christus gered is. En dit maak ons werke betekenisvol, vir nou en later en vir ewig.

# Pannekoekpolitiek en die Koeksusterkabinet

Deur: Wynvlieg Woltemade




Dis nie in die raadsaal waar die mag lê nie. Dis in die meelwolk agter die bazaartafel.

Vra maar vir enigeen in Orania:

As jy regtig iets wil laat gebeur, moenie net na die vergadering toe gaan nie, meld aan in die pannekoekspan.

Dis daar waar Tannie Alida die beslag roer soos 'n generaal.

Waar rangorde nie uitgespreek word nie, maar duidelik blyk: wie keer, wie vou, en wie nog net die kaneelsuiker hanteer- versigtig.

Die koeksusters lê in rye soos manskappe. Maar agter die glimlagte broei taktiek. Laasjaar het Tannie Lettie haar eie stroop gebruik sonder om eers te vra. Tot vandag toe praat ons van "die stroopskisma." Lettie is tans nog vermis.

En dan daag iemand op met Nutella. 'n Italiaanse bedreiging in 'n protestantse pannekoektempel. Tannie Koekie kyk net een keer, sug liggies, en vou haar pannekoek met só 'n kraak, dit klink soos 'n finale oordeel.

Teen die tyd dat die manne nog stry oor die kole, het die Koeksusterkabinet reeds besluit: wie gaan bid, wie tafels dek, en wie nie weer aangestel gaan word om die nuwe industriële gebou te bou nie.

Ja, ons praat graag van selfbestuur. Maar elke besluit op die dorp, van kampfees tot stoele, word vooraf goedgekeur, deur 'n raad van tannies met koekrollers in kantkombers-stilte.

Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek vlieg nie ver nie, net van kaneelsuiker tot besluit, van koekroller tot komplot, en ek hou jou dop.

# ORANIABRIEWE

Stuur vir ons jou brief van maksimum 350 woorde na redakteur@koerania.co.za en ons oorweeg dit vir plasing. Die standpunte of menings wat in die skrywes genoem word, is nie noodwendig die menings van Koerania se redakteur, adverteerders of rolspelers nie.






'N STUDIETUISTE VIR Afrikaners
Bo-Karoo Opleiding is 'n privaat opleidingsinstelling in Orania wat beroepskwalifikasies in skaars vaardighede aanbied:
Boerderybestuur en Meganisasie
Tuisversorging | Tuissorgassistent | Vroeë Kinderontwikkeling
Bou & Siviele Konstruksie | Siviele Ingenieurswese | Elektries | Loodgieter
Ons opleiding is gegrond op Christelike waardes en diep gewortel in die vryheid en unieke erfenis van Afrikaner kultuur. Kom studeer in 'n vry, veilig en voorspoedige omgewing, hier op ons kampus sonder mure.
www.bko.co.za
053 110 0620
BKO
BO-KAROO OPLEIDING

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Die Wonderwerker




Op 23 Junie 1905, vanjaar 120 jaar gelede, verskyn 'n gedig, "Winternag", in die koerant Land en Volk. Die stigter en redakteur van die koerant was Eugène Marais; hy was ook die digter van "Winternag". "Winternag" verskyn in 'n tyd toe die Tweede Afrikaanse Taalbeweging na die Anglo-Boereoorlog begin momentum kry. Die gedig word beskou as die eerste letterkundig betekenisvolle gedig in Afrikaans en 23 Junie 1905 word beskou as die mondigwording van Afrikaanse poësie.

Op Saterdagaand 21 Junie 2025 het die FAK se Kaapse kantoor 'n geleentheid by die Othello-aftreeoord in Brackenfell aangebied om die lewe van Eugène Marais en "Winternag" se 120ste bestaansjaar op 'n besondere wyse saam met die bekroonde aktrise en rolprentmaker Katinka Heyns te vier.

In 2012 word die rolprent, Die Wonderwerker, met Chris Barnard as draaiboekskrywer en Katinka Heyns as regisseur, vrygestel. Die rolprent handel oor die tyd in Eugène Marais se lewe toe hy in 1908 op die plaas Rietfontein in die Waterberge by die Van Rooyen-familie ingewoon het.

Katinka gesels oor 'n besoek aan prof. Erik Holm wat destyds daartoe gelei het dat sy en haar oorlede man, Chris Barnard, die rolprent oor Eugène Marais se lewe gemaak het. Sy vertel van die soek na 'n mak bobbejaan wat in die rolprent gebruik is, oudisies en rolverdelings en die ooreenkomste in gelaatstrekke tussen Eugène Marais en Dawid Minnaar wat die hoofrol in Die Wonderwerker gespeel het.

Na 'n gesellige saamkuier met 'n koppie koffie of tee en gesprekke met Katinka, neem almal weer hul plekke in en kyk ons almal saam die rolprent Die Wonderwerker. Die rolprent boei die gehoor, en so af en toe is daar 'n spontane gelag vir komiese insidente of kwinkslae in die storie.

Op my vraag of Erik Holm destyds tevrede was en van die rolprent gehou het, antwoord Katinka, "Hy was in trane." Katinka Heyns se eie terugvoer na 'n heerlike aand van samesyn met Afrikaanse digkuns en rolprent was: "Baie, baie dankie vir Die Wonderwerker-geleentheid. Dis die eerste keer wat ek objektief kon kyk en ek het dit baie geniet!"

By die Silwerskermfees in 2012 is Die Wonderwerker met ses toekennings bekroon: Beste film; Beste regisseur – Katinka Heyns; Beste draaiboek – Chris Barnard; Beste redigering –Ronelle Loots; Beste aktrise – Elize Cawood en Beste vroulike byspeler – Sandra Kotzé.

Die bekende rolprentresensent, Leon van Nierop, het van Die Wonderwerker gesê: "So 'n meesleurende, beeldskone en aangrypende Afrikaans rolprent sien jy dalk net een maal per jaar. Die Wonderwerker moet ten alle koste gesien word."


Dawid Minnaar





www.koerania.co.za





## Ons Paradys Tuinuitdaging

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?

Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.

1.Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 17 Oktober 2025 verwelkom word. Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.

Die geregistreerde tuine sal vanaf Vrydag 31 Oktober besoek en beoordeel word. Die wenners in onderskeie afdelings sal aan die einde van November 2025 tydens 'n skemerkelkiegeleentheid aangekondig word.

**Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?**

1. Beginnerstuin
2. Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte)
3. Groenteboks
4. Grasperk
5. Sakpas tuinmaak (idee in die kleine)

**Stuur voltooide registrasievorms na advertensies@koerania.co.za voor die sluitingsdatum op Vrydag 17 Oktober 2025. Prysgeld per afdeling:**

- Beginnerstuin R4 000-00
- Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte) R3 000-00
- Groenteboks R4 000-00
- Grasperk R1 500-00
- Sakpas tuinmaak (idee in die kleine) R2 000-00

**Reëls en regulasies:**

1. Alle afdelings is oop vir slegs alle Orania inwoners . Vul die registrasievorm in en stuur dit aan die organiseerders, soos aangedui.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2025 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 17 Oktober 2025 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Maak asseblief seker dat 'n kontaknommer en adres op die registrasievorm aangebring word.
8. Geen plastiek of nagemaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.
9. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
10. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
11. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
12. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
13. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
14. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
15. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.

Met trots angebied deur KOERANIA

Skandeer die kode vir u registrasie




# My wenslys as ek Demensie kry

*Junie was Alzheimer's Bewusmakingsmaand… jy is nooit meer bewus as wanneer hierdie siekte jou familie tref nie!*

As ek demensie kry, wil ek graag hê my familie moet hierdie wenslys teen die muur ophang waar ek woon. Ek wil hê hulle moet hierdie dinge onthou:

1. Elke keer as julle die kamer binnekom, kondig julleself aan. "Hallo Mamma – dis (Magriet)." MOET NOOIT vra nie: "Weet jy wie ek is?" Dit veroorsaak angs.
2. As ek demensie kry, wil ek hê my vriende en familie moet my realiteit aanvaar.
3. As ek dink my gade leef nog, of as ek dink ons kuier by my ouers vir aandete, laat my daardie dinge glo. Ek sal baie gelukkiger wees so.
4. As ek demensie kry, moenie met my stry oor wat vir my waar is teenoor wat vir julle waar is nie.
5. As ek demensie kry, en ek is nie seker wie julle is nie, moenie dit persoonlik opneem nie. My tydlyn is verwarrend vir my.
6. As ek demensie kry, en ek kan nie meer eetgerei gebruik nie, moenie my begin voer nie. Skakel my eerder oor na 'n vingerkos-dieet, en kyk of ek nog myself kan voed.
7. As ek demensie kry, en ek is hartseer of angstig, hou my hand vas en luister. Moenie vir my sê dat my gevoelens ongegrond is nie.
8. As ek demensie kry, wil ek nie soos 'n kind behandel word nie. Praat met my soos die volwassene wat ek is.
9. As ek demensie kry, wil ek nog steeds die dinge geniet wat ek altyd geniet het. Help my om 'n manier te vind om te oefen, te lees en met vriende te kuier.
10. As ek demensie kry, vra my om vir julle 'n storie uit my verlede te vertel.
11. As ek demensie kry, en ek raak geirriteerd, neem die tyd om uit te vind wat my pla.
12. As ek demensie kry, behandel my soos julle behandel wil word.
13. As ek demensie kry, maak seker daar is genoeg peuselhappies vir my in die huis. Selfs nou as ek nie eet nie, word ek kwaad, en as ek demensie het, kan ek sukkel om te verduidelik wat ek nodig het.
14. As ek demensie kry, moenie oor my praat asof ek nie in die kamer is nie.
15. As ek demensie kry, moenie skuldig voel as julle my nie 24 uur per dag, 7 dae per week kan versorg nie. Dit is nie julle skuld nie, en julle het julle bes gedoen. Kry iemand wat julle kan help, of kies 'n wonderlike nuwe plek vir my om te woon.
16. As ek demensie kry, en ek woon in 'n demensie-sorggemeenskap, besoek my asseblief gereeld.
17. As ek demensie kry, moenie gefrustreerd raak as ek name, gebeure of plekke deurmekaar krap nie. Haal diep asem. Dit is nie my skuld nie.
18. As ek demensie kry, maak seker my gunsteling musiek speel altyd binne hoorafstand.
19. As ek demensie kry, en ek hou daarvan om items op te tel en rond te dra, help my om daardie items na hul oorspronklike plek terug te sit.
20. As ek demensie kry, moenie my van partytjies en familiebyeenkomste uitsluit nie.
21. As ek demensie kry, weet dat ek steeds van drukkies of handdrukke hou.
22. As ek demensie kry, onthou dat ek steeds die persoon is wat julle ken en liefhet.



# Israel Taylor evangeliseer in Orania


Foto: Verskaf

Israel Taylor het 'n boodskap gebring waarmee hy die Heilige Gees alle eer gegee het omdat hy sy eie lewe kon omkeer.

Op Donderdag 19 Junie het evangelis, Israel Taylor, ongeveer 130 persone by die Blou Stoor bedien. Hy is deel van Divine Evangelism in Bloemfontein, en het 'n hart vir mense wat die Heilige Gees se werking in en deur hul lewens wil verwelkom.

'n Geestelike honger gehoor het eers saam tot hul Here genader deur lofprysing en aanbidding voordat daar aandagtig geluister is terwyl hy hul bemoedig het, maar ook uitgedaag het oor swak gewoontes, afbrekende gedrag en negatiewe gedagtes wat nie van God af is nie.

Hy het lede uit die gehoor genooi om Jesus aan te neem en het dié persone deur 'n bekeringsgebed gelei voordat hy mense genooi het om deur die Heilige Gees bedien te word en ook vir persone gebid wat die doping in die Heilige Gees wou ontvang.

Die geesgevulde bediening was nie aan almal bekend nie, maar daar was 'n positiewe oortuiging dat die Heilige Gees se werking opnuut genooi moet word om 'n verskil te maak in 'n gemeenskap wat geroep is om die lig vir die wêreld te wees.

## ORANIA DAGBOEK

**Julie**

- 11 - Koerania Uitgawe 20
- 12 - Magersfontein Gesinsdag
- 15 - Volkskool Orania – Skool heropen
- 18 - Pantser seminaar
- 19 - Draf in die Boord
- 19 - Klawers en Klanke in die Boord
- 21 - CVO-Skool Orania – Skool heropen
- 27 - Barneace Slabbert

**Augustus**

- 2 - Orania Helpmekaar Damestee
- 2 - Aandmark Kleingeluk
- 6 - Sakekamer Netwerkgeleentheid: GVS-gebou
- 8 - OkeR kortfilmfees
- 11-16 - Taalweek
- 14 - Taaldag
- 15 - Koerania Uitgawe 21
- 16 - Kunsmark
- 24 - Stap vir Jesus






Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Pretprater laat die dames skater

Elsabé Aldrich is al meer as 2 dekades besig om die land plat te toer met haar pretpratery oor vroue, mans en tieners se mannewales.

Haar diep boodskappe kom lê saggies om elke hart wat sy met spitvondige waarheid aanraak. Sy laat elkeen in die gehoor toe om weer te onthou dat lag medisyne is, maar dat ons dit te min inkry.

Die 13 gasvroue het behoorlik uitgehang en elkeen se unieke manier van vrouwees is beklemtoon. Die Klanke en Kingels Musiekskool begin 'n fonds vir tweedehandse instrumente sodat behoeftige kinders ook aan dié wonderlike aktiwiteite kan deelneem. Marcel Jacobs is 'n jarelange vriendin van Elsabé en het haar vir die optredes vir dames en pare genooi. Dia van Staden, die Okkasie Hasie, het by die geleentheid as seremoniemeester opgetree.

Sy en haar man, Stefan, woon in Hermanus, maar is al gewoond dat hulle so saam-saam die ver paaie aandurf om gehore te vermaak. Kyk uit vir dié topverkoper se nuwe boek – Nog Sappiger – wat binnekort vrygestel sal word. Hulle het drie kinders en Elsabé se unieke manier om met tieners te gesels oor verhoudings maak haar 'n gewilde keuse vir skole en groepe waar jongmense op 'n pretmanier ingelig moet word oor die belangrikheid van goeie en gesonde verhoudinge.

Soek haar op Facebook en bespreek haar gerus vir jou volgende geleentheid om dit nog meer kleur te gee!

Foto's: Theunie Kruger



Die vele gesigte van pretprater, Elsabé Aldrich!





Die dames het behoorlik geklets, gelag en gekuier!



Die keurig gedekte tafels het bygedra tot 'n vreugdevolle atmosfeer.



# Wes en Noord-Kaap pekanboere se metodes verskil

deur - Johan Coetzee



Die Wes-Kaap se pekanneute produseer heelwat vroeër as die Noord-Kaap se boerde waar daar van 6 tot 8 jaar gepraat word. Tydens Johan Coetzee, direksielid van die A-Z Pekanneutkonferensie wat jaarliks in Orania aangebied word, se soektog die afgelope paar jaar met sy "Padlangs Wes-Kaap Toer" het hy by 'n paar produsente gedraai.

Eric en Willem van Zyl op Vredendal, Rassie de Beer van Sandfontein en Peter Micklem en Jaco van Bonnievale was op die besoeklys en kon Johan daar die verskille navors.

Tydens die toere het hy die kwessies nagevors wat veroorsaak dat Pekanbome reeds op 14 maande 50 tot 100 neute per boom dra. Johan het die volgende oorsake identifiseer:

1. Die gronde in die Wes-Kaap se pH is in die omgewing van 5 tot 6 wat tot gevolg het dat die bome al die Mikro-elemente maklik kan opneem en veral nie 'n groot Zn tekort het wat groei strem nie.

2. Daar word geen of slegs minimum snoei toegepas. Amerikaners sê "Pruning keeps a tree a juvenile" en dit beteken dat die onderste takke ook vroeg volwasse is en neute kan produseer.

3. Hoë digtheid aanplantings van 5 x 5 en 6 x 6 of windbreke waar bome 3 meter van mekaar geplant word is algemene praktyk. Die sonlig per hektaar word ten volle benut en vroeg omgeskakel in hoër produksie per hektaar.

4. Die klimaat verskil heelwat van Wes-Kaap na Noord-Kaap en hy het opgemerk dat die nagte heelwat koeler is, wat moontlik die omskakeling van suikers kan bevorder.

5. Dit is 'n winter reënvalgebied en dit kan tot voordeel wees dat minder swamme tydens die groeiseisoen kan voorkom.

6.Die Wes-Kaap, waar Johan besoek afgelê het, is rypvry, wat tot gevolg het dat laatryp en vroeë ryp nie die groei van die bome belemmer nie.

Johan het bevind dat daar verskeie van die verskille wat in die Wes-Kaap aangewend word, ook in die Noord-Kaap gebruik kan word om vroeër produksie te verkry. Volgens hom produseer pekanneute op eerstejaarshout (groen loot) wat uit tweedejaarshout (laas seisoen se loot) goed, net soos wingerde.

Wingerd wat nou in die Wes-Kaap uitgekap word kan suksesvol vervang word met Pekanneute. Sy voorstelle is Wichita 80%, Pawnee 10% en Western 10%.

Sluit aan by die PBSA Facebookblad of kontak Johan Coetzee by 082 577 4981.


GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES | TE KOOP

Nuwe voorraad en tweedehandse toerusting wat gebruik word om remvoerings op skoene vir trokke en sleepwaens te sit. Kontak **André van der Merwe by 0792559940**. Prys: R50000 (onderhandelbaar), aflewering ingesluit.






# Fiksheid in bikini's bring vir Dantél sukses



Die Wêreld Fiksheidsfederasie van Suid-Afrika het die Noord-Kaap se uitdunne op 14 Junie in De Aar aangebied.

Dantél Oosthuizen het reeds die afgelope twee jaar aan haar voorbereiding vir die suksesvolle deelname vanjaar gewerk. Sy het tydens die WFF Classic die eerste plek in die o/30 Bikini-afdeling behaal en 'n tweede plek as Fiksheidsmodel behaal. Dantél moes teen 17 tot 25 jariges in die fiksheidsafdeling meeding, aangesien daar nie inskrywings in haar eie ouderdomsgroep was nie.

Sy is tydens dié uitdaging gekies om op 30 Augustus 2025 aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deel te neem. 'n Nog groter oorwinning is dat sy later vanjaar aan die Wêreldkampioenskappe in Maleisië kan gaan deelneem, asook aan die Afrikakampioenskappe in Zambië. "As dit die Here se wil is en ek genoeg donasies kan insamel, sal ek graag ten minste een van hierdie besondere geleenthede wil aanpak."

Sy vertel: "Ek het die afgelope jaar ongelooflik hard gewerk om my liggaamlike doelwitte te bereik en uiteindelik op die verhoog te kon staan as deelnemer in die WFF se kompetisies. Ek het 'n streng eetplan gevolg, twee keer per dag geoefen en my liggaam deurlopend ondersteun deur genoeg water in te neem. Elke dag se opoffering en selfdissipline het uiteindelik vrugte afgewerp."

Dantél is tans besig met haar nuwe eet- en oefenprogram en is besonder trots daarop dat sy haarself afrig. "Dit maak soms die pad effens moeiliker, maar soveel meer lonend," sê die fikse vrou.

Sy is diep dankbaar vir haar man, Arnold, se liefde, motovering en ondersteuning deur die uitdagende tye wanneer sy moet oefen, 'n eetplan moet volg en deelneem. Haar ouers is haar ander groot ondersteuning wanneer hulle 3 kinders versorg moet word terwyl mamma haar drome najaag.



> "Ek hoop werklik dat ek met alles wat ek doen, 'n inspirasie vir iemand kan wees, want dit is nooit te laat om jou drome te volg nie," sluit sy dapper af.



Orania se rolbalspelers maak sommer geskiedenis nog voordat hul eie bane voltooi is. Op 17 Mei het 'n span aan die Drieë toernooi op Vanderkloof gaan deelneem en met die 4de plek weggerol. Die drie klublede wat gaan deelneem het was Thomas de Villiers, Pierre Harmse en Francois v Schalkwyk. Hul kon met die Orania kleure spog toe die kompetisie tussen 14 spanne uitgespook is. Die span het hul eerste spel teen Kimberley gewen, tweede een teen Vanderkloof geseëvier en die derde spel teen Koffiefontein verloor. Dis die begin van groot dinge vir Orania Rolbal terwyl daar flink aan die voltooiing van die bane gewerk word. Gaan meld gerus daar aan terwyl nog hande benodig word.













Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# SPORTGIDS

**Ballet**
Uysie Kirsten Balletskool
Eldien Kirsten @ 076 712 7801
Uysie Kirsten @ 082 683 6317
Beginners vanaf enige ouderdom welkom

**Boogskiet**
Willem Jacobs @ 083 661 9707
Dinsdae om 16:00
Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie
Gratis opedag maandeliks

**Fietsry**
Orania Fietsryers
Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp
Groepritte Dinsdagmiddae /
'n Sosiale groep met verskillende vlakke van fiksheid

**Gimnastiek**
Oranjerivier Gimnastiekklub
Michelle Jacobs
072 550 8462 / oranje.gimnastiek@gmail.com
Saamstaan Winkelsentrum
Maandae tot Donderdae: 14:00 tot 16:00.

**Hokkie**
Jané Ebersohn @ 0 72 241 9142

**Jukskei**
Thinus van Dyk @ 0731693505
Woensdae en Donderdae 16:30 tot laat

**Karate**
Henk Steyn @ 076 790 8843

**Moderne dans**
Janel Cornelius @ 068 589 9227

**Muurbal**
Victor Correia @ 082 568 5587

**Orania Atletiekklub**
Christo Muller @ 083 628 0272

**Orania Rolbalklub**
Voorsitter: Francois van Schalkwyk
0730891604 / francoisvs57@outlook.com
Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.

**Orania Sportskiet**
Johan van Loggerenberg @ 079 335 1621

**Paaldans**
Yoraldé Grotius @ 082 065 8593
Elke Dinsdag vanaf 17:00
R300-00 per maand

**Perdry**
Jessica Bornman @ 082 823 2541



**Pluimbal**
Koos le Grange @ 083 568 703

**Sportklub: Rugby, Netbal en Hokkie**
Hendri/Marike Labuschagne
072 453 5577 / 072 604 2564




**Swem**
Hester Botha @ 082 093 4352

**Tennis**
Willlie Steenkamp
Whatsapp 082 490 4935


**Tenshinkan Karate Orania**
Henk Steyn @ 076 790 8843
Volkskool Orania
16:30 tot 17:30








# Kaalvoet verras met instrumentaliste

Dia van Staden - Redakteur

Op 13 en 14 Junie het die 21ste Kaalvoetkonsert plaasgevind. Die Kaalvoetvroue bied dit jaarliks aan sodat fondse vir nuwe ontwikkelings ingesamel kan word wat die dorp verfraai of geskiedkundige waarde toevoeg.
Die mimiek van liedjies, die choreografie en bewegings word weke vooraf al geoefen. Alhoewel die Kaalvoetkonsert die afgelope paar jaar deel gevorm het van die Orania Karnavalprogram, is daar vanjaar besluit om dit as 'n afsonderlike gebeurtenis aan te bied. Die besige sosiale program van Orania laat toe dat bekende geleenthede hul eie gehore trek en vermaak.
Daar is 24 liedjies opgevoer, maar vanjaar was dit die instrumentaliste wat die kollig gesteel het. Die fop kitaarspelers, dromspelers en meerderheid klavierspelers het dit met oorgawe gedoen, sodat dit byna na die ware Jakob gelyk het.
Die span wat vir die verhoogbestuur verantwoordelik was verdien beslis 'n pluimpie of twee. Hulle het met perfekte sinkronisasie die op- en af van toerusting, instrumente, rekwisiete en deelnemers hanteer. Wel gedaan Annelize Kruger, Dedré Lourens, Mari van Niekerk en Dirk Klynsmith!
Die beoordelaars het nie 'n maklike taak gehad om uit 24 items die wenners te kies nie. Uiteindelik was Roepstem 'n groot gunsteling!
Orania sien uit na jaar 22 van Kaalvoetkonserte!






OKKASiE HASiE
maak elke funksie 'n fees!
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANiA Sport
Julie 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 20

oraniadigitaal.com
Webgasheerdienste
ORANIA DIGITAAL

# Bokkieweek laat sport seëvier

Veertien unies het tydens vanjaar se Bokkieweek in Naboomspruit byeengekom vir 'n week van rugby, netbal en hokkie.
Die o/13 tot o/19 spanne se spelers, ondersteuners, beamptes, mediese personeel en bestuurspanne het die heerlike warm dae in die noorde geniet, alhoewel die aande koud was. Daar is genoeg kosstalletjies om van te kies en die terreinuitleg was van so aard dat die stap van die een kant na die ander interessant gebly het.
Die samestelling van uniespanne is uiteenlopend en die spanne begin eers in die middel van die week 'n ritme en patroon vir samespel ontwikkel. "Bokkieweek is 'n wonderlike leerskool vir enige sportkind wat uitgedaag wil word," gesels 'n toeskouer.
Dit is nie 'n eenvoudige taak om honderde mense in 'n plattelandse dorp te akkommodeer nie. Die program het egter goed verloop en ten spyte van die kompetisiefaktor het sport geseëvier.
Hou Bokkieweek se sosiale media platforms dop vir finale uitslae van die week.















# Potbal in De Aar

Twee potbalspanne van Orania het onlangs in De Aar aan 'n kompetisie tussen 12 spanne gaan deelneem. Die gekleurde balle is behoorlik gepot en dit het tot goeie uitslae vir Orania se spelers gelei. Die Groot 5-span het 4de geeindig en die Fynsnyers het 'n 5de plek behaal.
Eben Herbst is die skakelpersoon wat Orania se spelers saam met De Aar en Kimberley se spelers betrek. Daar word deurlopend geoefen om Orania se naam op die potbaltafels hoog te hou.
Kontak vir Riaan Els by 061 534 2789 vir besonderhede en kom pot die balle saam.

Foto's: Verskaf



Die Groot 5 bestaan uit Daniël Viljoen, Johan Naude, Pierre Kriegel, WJ Nel en Daniël Naude.



Jacques Coetzee, Riaan Els, Heinz Lüdtke, Roald Wolhuter en JP Kriegel vorm saam die Fynsnyers.



Eben Herbst lê aan vir 'n doodskoot. Hy het vir De Aar se span deelgeneem en is gekies om gedurende Julie aan die nasionale potbalkampioenskappe deel te neem.

